Skrifgedeelte: Filippense 1:27-30

Fokusvers: Filippense 1:29

Tema: Vind troos in die vreemde bruidskat wat God jou gee!

Lyding. Vervolging. Dit is wat ons kan verwag wanneer ons in Jesus Christus glo en wanneer ons sê dat om te lewe is Christus en om te sterwe is `n wins. Jesus Christus het immers in Johannes 15 gesê: "As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat..." As ons eerlik moet wees, sit hierdie boodskap nie gemaklik nie. Dit is nie lekker om te hoor dat swaarkry oor ons pad gaan kom nie en nog minder dat daardie swaarkry in die vorm van lyding en vervolging gaan kom nie, wat beteken dat mense ons gaan haat. Soveel meer as dit nog ons kinders en ons kleinkinders gaan raak!

Toe Johannes Calvyn oor hierdie gedeelte gepreek het, het hy gesê dat die gelowige wat só hieroor dink in werklikheid dwaas is. Dalk in die taal wat ons beter sal verstaan: ons is *stupid* as ons nie hierdie lyding wil beleef en ervaar nie. En die rede hiervoor is eenvoudig: lyding laat ons in werklikheid groei in ons verhouding met God in en deur Jesus Christus. Wanneer ons ly is selfbeheersing en volharding nodig en selfbeheersing en volharding loop uit op godsvrug - `n intieme verhouding met God waar God jou lewe bepaal.

Maar belangriker as dit: lyding is deel van geloof. Om deur mense gehaat te word en deur mense vervolg te word is deel van geloof. As ons die Here wil dien, sal dit outomaties tot gevolg hê dat die wêreld ons sal haat. Nie bloot net omdat die wêreld nie van ons hou nie, maar omdat die wêreld nie van Jesus Christus hou nie en wanneer ons in Jesus Christus glo, het ons deel aan Hom.

Hier in Filippense 1:29 stel Paulus dit só: "God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly." Hierdie woord wat Paulus gebruik vir "voorreg gegee" is dieselfde woord wat gebruik word vir die woord "genade". Dit is `n genadegawe, `n geskenk van God, om te kan ly vir Jesus Christus.

Dit is `n voorreg, want wanneer ons só vir Jesus Christus ly, beleef ons in werklikheid iets besonders van ons intens intieme verhouding met Jesus Christus. Dit is juis dan wat ons tot `n beter verstaan kom van die feit dat Hy vir ons gely het, nie alleen fisies, sodat Hy met ons simpatie in ons swakheid kan hê nie, maar ook geestelik. Hy het gely deurdat Hy ons sondes op Hom geneem het en die straf vir ons sondes gedra het. Hy het gely deurdat God se woede oor ons sondes op Hom neer gekom het. Hy het gely deurdat God Hom vir `n tyd lank verlaat het, sodat God ons nooit weer sal verlaat nie. Jesus Christus het vir ons gely op `n manier baie dieper en meer intens as wat ons as mense ooit sal kan ly. Wanneer ons deur lyding gaan omdat ons in Jesus Christus glo, beleef ons iets van Jesus Christus se onbeskryflike liefde vir ons.

Daarom dat ons kan sê dat lyding deel is van die Bruidskat wat God vir ons gee. `n Bruidskat was iets wat die bruidegom gewoonlik vir sy bruid gegee het om iets van sy liefde vir haar te bewys. Wanneer ons in die Here se Woord lees, hoor ons dat Hy ons Bruidegom is en ons sy Bruid en as Bruidegom gee Jesus Christus vir ons ook dan `n bruidskat: `n genade-geskenk wat iets van sy liefde vir ons moet duidelik maak. Lyding is deel daarvan, want ons sal alleen iets van Jesus se liefde vir ons, deur Sy lyding, verstaan wanneer ons deel in die lyding wat Hy beleef het.

Maar as Bruidegom het Hy nie net vir ons hierdie bruidskat gegee nie. Hy het ook aan ons `n trouring gegee wat ons daaraan moet herinner dat Hy ons sy eie gemaak het. Dit het Hy gedoen deur aan ons die Heilige Gees te stuur. Wanneer Paulus ons in Efesiërs 1:14 leer dat die Heilige Gees vir ons as waarborg gegee is, word juis hierdie beeld gebruik. Die Heilige Gees is die trouring, die versekering, dat ons aan Jesus Christus behoort. Só seker as wat Jesus Christus die Heilige Gees na ons toe gestuur het, net só seker behoort ons aan Hom.

En dit is hierdie selfde Heilige Gees wat ons bystaan wanneer lyding oor ons kom. Daarom dat Jesus Christus vir sy dissipels belowe het dat Hy die Heilige Gees aan hulle sal gee as Trooster. Hy het hierdie belofte gemaak net nadat Hy hulle belowe het dat die wêreld hulle sal haat. Dit is juis wanneer ons deur lyding gaan, wat die Heilige Gees by ons bly. Dit is dan wat die Heilige Gees ons daaraan herinner dat ons aan God behoort en dat niks ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Op hierdie stadium, in Suid-Afrika, beleef ons nie werklik vervolging en lyding nie...wel, nog nie! Die tyd gaan egter kom waar ons as gelowiges vervolging gaan beleef in Suid-Afrika. Daardie tyd kom nader. Net in die afgelope week het `n EFF-lid dit blykbaar kwyt geraak dat Julius Malema die seun van God is wat die mense van Suid-Afrika gaan verlos en na die paradys gaan lei. Politiek en geloof is besig om baie vinnig te meng in ons land en wanneer ons as kerk van die Here gaan begin opstaan teen hierdie lasterlike uitlatings, kan ons maar daarvan seker wees dat ons vervolg gaan word.

Wanneer ons, as kerk van die Here onder leiding van die Heilige Gees, só gaan lewe dat ons lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus is, gaan ons vervolging en lyding begin leef. Maar juis dan het ons die troos: God is met ons! Juis dan sal die Heilige Gees ons troos deurdat ons kan weet dat in hierdie lyding staan ons in `n intieme verhouding met Jesus Christus.

Vind daarom troos in hierdie vreemde bruidskat wat God vir jou gee! Vreemd, want die wêreld verstaan dit nie en hulle dink dat hulle die kinders van die Here kan ontmoedig om in Hom te glo deur hierdie vervolging. Maar juis in hierdie vervolging ontmoet ons Jesus Christus: ons Verlosser wat vir ons gely het, sodat ons deur Hom in `n verhouding met God mag staan en sodat ons, deur ons lyding ter wille van Jesus Christus, kan onthou dat Hy ons Bruidegom is en ons sy Bruid.

Amen